

## Gereformeerde Kerk Bellville – 3 November 2019 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 31:7, 15 (p. 145)

- 7 Toon tans, o HEER, u mededoë, / verhoed my ondergang; / ek is beklemd en bang!  
'n Swaar verdriet deurknaag my oë, / my siel is mat van klagte, / my liggaam sonder kragte.
- 15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!  
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode<sup>o</sup>in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!  
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.  
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,  
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Gebed

Psalm 1:1, 2 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;  
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.  
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

**Skriflesing:** Romeine 6:1-14; Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 24

**Kernvers:** Romeine 6:12-14

**Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.** (Romeine 6:12-14 AFR53)

**Nederlandse Geloofsbelijdenis**

**Artikel 24: Ons heiligmaking en goeie werke**

*Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die ware geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdige geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; intendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in*

*die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie, maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan (Gal 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het.*

*Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.*

*Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie – wat sou ons tog kon verdien? Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Fil 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: **'... wanneer alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen'** (Luk 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawe bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyd ge-kwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.*

*Rom 10:17; Joh 5:26; Efes 2:4; Joh 8:36; Tit 2:12; Joh 15; Heb 11:6; 1 Tim 1:5; Gal 5:6; Tit 3:8; Rom 9:32; Tit 3:5; Matt 7:17; Rom 14:23; Heb 11:4; Gen 4:4; 1 Kor 4:7; Fil 3:13; Jes 26:12; Gal 3:5; 1 Tess 2:13; Luk 17:10; Rom 2:6; Open 2:13; 2 Joh :8; Rom 11:5 (6-7); (Efes 2:5); Jes 64:6; 1 Kor 3:11; Jes 28:26; Rom 10:11; Hab 2:4.*

**Tema:** Heiligmaking begin met regverdiging en die bewys daarvan is goeie werke

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, iemand wat 'n bietjie van vrugtebome weet, sal in die lente vir jou 'n appelkoosboom en 'n perskeboom van mekaar kan uitken deur na die blare te kyk. Nou staan daar verskeie bome in die tuin wat jy aan die blare kan uitken as perskebome, maar omdat jy nog nie soveel kennis van verskillende perskebome het nie, kan jy nie sê watter soort perskebome dit is nie. Jy sal maar wag totdat die bome vrugte dra. Aan die vrugte sal jy kan uitken watter soort perskebome in die tuin staan.

Elke dag kry ek en jy met baie verskillende mense te doen. Deur net die verskillende mense te sien, sal jy nie sommer kan sê wie van hulle is Christene en wie is ongelowiges nie. Dit is eers wanneer 'n mens met hulle begin gesels dat jy aan hulle woorde sal agterkom of hulle iets van die Here en sy Woord weet. Maar omdat jy al baie maal met mense te doen gehad het, weet jy dat iemand nie noodwendig 'n Christen is net omdat hy van die Here en die Bybel praat nie. Ons het mos vanoggend in Rigters 17 agtergekom dat mense selfs die Here se Naam maklik kan noem maar tog leef hulle nie naby en getrou aan Hom nie.

Jesus het vir sy dissipels gesê dat 'n mens iemand kan uitken aan die vrugte wat so iemand dra. Woorde wat mense sê, gee 'n aanduiding wat in die hart van so 'n mens aangaan, want waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Woorde is egter nie al vrugte wat 'n mens dra nie. Al sy ander daad is ook vrugte wat hy dra. Daarom is dit moontlik om mense aan hulle woorde en werke uit te ken of hulle regtig Christene is of nie. 'n Christen doen goeie werke wat bewys dat die Heilige Gees besig is om sy lewe te verander.

Broers, susters en kinders, van Artikel 20 af bely ons die werk wat Jesus Christus, die Seun van God, op die aarde kom doen het. In Artikel 20 bely ons dat God sy Seun gestuur het om die menslike natuur aan te neem. Die Seun van God moes mens word sodat Hy die mense wat God vir Homself uitgekies het uit die mag van die sonde en die heerskappy van die duiwel kon verlos. Hierdie verlossing kon net op een manier gebeur – Jesus Christus moes die sondeskuld van mense op Hom neem en Hy moes vir die sondes van mense aan die kruis sterf.

Om die waarheid te sê, God het sy Seun as offer vir sy mense se sonde gegee (NGB, Art. 21). Jesus Christus het die loon van die sonde wat mense doen, ontvang. Sodoende het Jesus versoening gedoen vir die mense wat God vir Homself uitgekies het. Op die tyd-stip wat die Here self bepaal het, laat Hy die evangelie aan daardie mense verkondig. En wanneer die oomblik aanbreek wat God daardie mens tot bekering wil bring, maak die Heilige Gees die mens se ore oop om te hoor hoe God hom roep. Deur die evangelie wat verkondig word, skenk die Heilige Gees dan die geloof aan daardie mens waardeur Hy die mens in Christus inlyf (NGB, Art. 22).

Wanneer die Heilige Gees 'n mens so deur die ware geloof in Christus inlyf, skenk Hy die wedergeboorte aan hom. En op daardie oomblik maak God die Vader 'n uitspraak oor daar-die mens wat tot in alle ewigheid sal geld. Deur die geloof in Jesus Christus verklaar God hierdie mens wat wedergebore is, geregverdig. Ons het al in die verlede gesê wat dit beteken as God 'n mens regverdig verklaar, maar ons kan dit altyd weer hoor. Wanneer God 'n mens regverdig verklaar, beteken dit dat Hy nie meer na jou kyk en jou in jou sondes raak-sien nie. Deur die geloof skenk Hy Christus se gehoorsaamheid en heiligheid aan jou en Hy handel met jou asof jy nog nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. Ja, Hy behandel jou asof jyself ten volle gehoorsaam is aan die Here soos Christus aan Hom gehoorsaam is (NGB, Art. 23).

In Romeine beskryf die Heilige Gees hierdie regverdiging van sondaars baie uitvoerig van Romeine 3:21 af. Wanneer God dan 'n mens regverdig verklaar, verander 'n mens se status – die mens staan nie meer as 'n skuldige sondaar voor die Here nie, maar as 'n onskuldige voor die Here. Daar is geen aanklag meer teen jou nie, want Christus het met sy lewe vir jou skuld geboet en God straf die sonde net een maal. Die mens wat regverdig ver-klaar is se geaardheid het egter nog nie verander nie, maar sy status het wel verander.

Wat sy geaardheid betref, is die verlose mens nog steeds geneig om sonde te doen, maar God gaan hom nie as 'n skuldige behandel nie, maar as iemand wat nog nooit sonde ge-doen het nie.

In die eerste elf verse van Romeine 6 leer die Heilige Gees elke gelowige om aanhoudend vas te hou aan die beloftes wat die Here met die doop aan hom gemaak het. Deur die doop het die Here self die mens wat gedoop is, vereenselwig met die dood wat Christus eens en vir altyd vir die sonde gesterf het. *Vereenselwig* beteken dat die gedoopte gelowige so met Christus deur die geloof verenig word dat Christus se dood ook tel as die gelowige se dood vir die sonde. Maar Christus het nie dood gebly nie. Die Vader het Hom uit die dood opgewek. Jesus het net een maal vir die sonde gesterf en Hy sal nooit weer kan sterf nie. Die lewe wat Hy nou leef, leef Hy vir God. Deur die doop vereenselwig die Here die gedoopte gelowige ook met die opstanding van Jesus. Dus tel Christus se opstanding ook vir die ge-lowige sodat hy nou 'n nuwe lewe het.

Wanneer jy as gelowige dan vashou aan die beloftes wat God in jou doop aan jou gemaak

het, gaan jou lewe radikaal anders lyk as die lewe van iemand wat nie deur Jesus verlos is nie. Jy gaan oor jousef dink as iemand wat vir die sonde dood is maar lewend vir God in Christus Jesus. Dit is egter nie net iets wat jy oor en oor vir jousef sê totdat jy dit uiteindelik glo nie. Onthou, wanneer die Here Homself een keer aan 'n mens verbind het, los Hy daardie mens nooit nie. Daarom het Christus sy Gees gegee aan elkeen vir wie Hy aan die kruis gesterf het.

Die wedergeboorte wat die Heilige Gees aan jou geskenk het toe God jou regverdig verklaar het, is nie al werk wat die Here met jou doen nie. Die Heilige Gees gaan nou voort om jou regverdigmaking 'n volle werklikheid ook vir jou te laat word deurdat Hy jou heilig maak. 'n Gelowige sit nie maar agteroor terwyl die Heilige Gees hom heilig maak nie. Met die Woord van die Here leer en lei die Heilige Gees jou om die dinge wat Hy vir jou gegee het te gebruik. Die geloof en vernuwing wat Hy in jou hart tot stand bring, maak dat jou verstand en wil ook in die rigting beweeg wat die Heilige Gees jou lei.

Om vir 'n slaaf te sê dat hy nie soos 'n slaaf moet optree nie, is sinloos. Die mens is dan 'n slaaf, hy weet nie hoe om anders as 'n slaaf op te tree nie. Maar om vir iemand wat uit sla-werny vrygestel is te sê dat hy nie soos 'n slaaf moet optree nie, is 'n aansporing om sy vryheid uit te leef in sy lewe van elke dag. Gelowige, aangesien jy deur die geloof in Christus ingelyf is en die Heilige Gees jou oortuig dat jy geregverdig is, gee Hy aan jou die opdragte in ons kernverse. Met hierdie opdragte spoor die Heilige Gees jou aan om die heiligende werk wat Hy in jou verrig, sigbaar te maak. Soos die vrygestelde slaaf sy lewenstyl van vroeër moet afleer, so moet die gelowige aanhoudend streef om nuut te leef.

Elke gelowige beleef daagliks nog die aantrekkingskrag van die sonde in homself. Daar is begeertes in sy hart en gedagtes wat eintlik nog voortkom uit sy ou sondige geaardheid. Dit is as gevolg van hierdie aantrekking tot die sonde dat die Heilige Gees jou as gelowige aan-sê en oproep om nou op te tree soos iemand wat vrygemaak is van die mag van die sonde, want jy is werklik vrygemaak deur Jesus Christus.

Die Here wys vir ons in vers 12 en 13 op twee dinge wat ons as gelowiges kan en behoort te doen sodat die sonde nie meer baasspeel oor ons nie. Die eerste wyse waarop die gelowige kan verhoed dat die sonde weer baasspeel in sy sterflike liggaam is om daarop bedag te wees dat sonde die manier het om jou met begeertes uit te lok. Omdat die gelowige, alhoewel hy verlos is, steeds in homself die aantrekkingskrag voel om sonde te doen, moet hy weet dat al die begeertes wat in sy hart ontstaan nie rein en heilig sal wees nie.

Daarom moet die gelowige leer om te onderskei watter soort begeerte in sy hart lewe. Vra die Heilige Gees om jou te help sodat jy kan raaksien waarheen hierdie begeerte gaan lei as jy daaraan toegee. Sodra jy agterkom dat dit 'n begeerte is wat deur jou sondige geaardheid aangewakker word en wat gaan maak dat jy dinge wil doen wat jy vir ander mense wil wegsteek, is jy veronderstel om daardie begeerte sommer daar en dan uit jou hart en gedagtes te verban. Sodoende sal jy kan keer om aan die begeerlikhede van die sonde gehoorsaam te wees.

Die heiligmakende werk van die Heilige Gees is ook die oorsaak waarom 'n gelowige homself daagliks bekeer. Daaglikse bekering bestaan daaruit dat 'n mens die sonde haat en daarvan wegvlug. As jy dan so ver as moontlik wil verhoed dat die verkeerde begeertes in jou hart ontstaan, los dan die goed uit wat jy weet daardie verkeerde begeertes by jou gaan opwek. Terselfdertyd raak jy al meer en meer besig met die dinge wat ook in jou hart die begeerte opwek om God met jou lewe tevrede te stel.

Die tweede wyse waarop die gelowige kan verhoed dat die sonde in sy sterflike liggaam baasspeel, is om nie een liggaamsdeel van jou tot beskikking van die sonde te stel as 'n werktuig van ongeregtigheid nie. Dit wil sê, gelowige, jy moet jouself aanhoudend herinner dat jy met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort. Met sy kosbare bloed het Hy jou r God gekoop. Daarom behoort elke deel van jou liggaam nie meer aan jouself nie en kan jy nie meer self besluit wat jy met jou liggaamsdele gaan doen nie. Indien jy jou liggaams-dele tot beskikking van die sonde stel, tree jy wederregtelik op en gee jy in werklikheid jou liggaamsdeel wat aan die Here behoort aan die vyand om as 'n wapen teen jou en teen die Here te gebruik.

Aangesien die gelowige deur die offer van Jesus Christus uit die dood van die sonde lewend gemaak is, stel die gelowige homself tot beskikking van God. Die gelowige laat hom deur die Heilige Gees lei en neem homself voor: Ek gaan my mond, oë, ore, hande, voete en elke ander liggaamsdeel tot beskikking van God stel. My liggaam is in diens van die Heilige Gees sodat ek agter Hom aan kan doen wat reg is in die oë van die Here. Dit is die goeie werke waarvan ons hier in Artikel 24 bely. Met hierdie goeie werke is ek nie besig om iets by die Here te verdien nie. Die goeie werke is dinge wat ek as gelowige veronderstel is om te doen omdat die Heilige Gees my heilig maak.

Dit is dus die verantwoordelikheid van die gelowige om elke liggaamsdeel tot beskikking van God te stel as werktuig van geregtigheid in diens van God. Jesus Christus het immers ook die liggaam van die gelowige verlos, daarom behoort elke liggaamsdeel van die gelowige regtens aan Christus. Om hierdie rede strewe die gelowige daarna om elke liggaamsdeel in onderwerping aan Christus tot beskikking van God te stel sodat Hy deur sy Gees dit as 'n werktuig van geregtigheid kan gebruik.

Die eerste deel van vers 14 is nie 'n bevel of 'n stelling nie, maar 'n belofte aan die gelowige. Aangesien die gelowige lewend gemaak is deur Christus, is dit onmoontlik dat die sonde nog oor hom sal heers. Die Heilige Gees het juis die gelowige weggehaal uit die ryk van die duisternis en hom oorgebring in die ryk van die lig. Dit gebeur wel dat gelowiges nog in die sonde struikel, maar hulle bly nie daarin lê nie omdat hulle glad nie meer tuis voel daar-in nie. 'n Gelowige wil net onder die heerskappy van Christus staan en lewe.

Die gelowige sal dus nie meer onder die heerskappy van die sonde kan leef nie, want hy is nie meer onder die wet nie maar onder die genade. Die wet het aan hom die sonde uitgewys en deur die wet hy geleer hoe erg sy sondes werklik is, maar die wet het nie die krag om die mens vry te maak van die sonde nie. Dit is alleen die genade van God in Christus wat 'n mens vry maak van die heerskappy van die sonde. Dit is dus God se genade wat 'n mens vry maak van die veroordeling, sy onverdiende liefde wat die gelowige motiveer en sy Gees wat die gelowige bemagtig om voluit vir die Here te lewe.

Geliefdes, die heiligmakende werk van die Heilige Gees gaan jou nog nie in hierdie lewe volmaak en sondeloos maak nie. Daarom moet jy nie moedeloos word wanneer jy vir die soveelste keer dit nie reggekry het om byvoorbeeld jou tong te beheer nie. Gryp weer in die geloof aan die uitspraak en belofte van die Here vas. Hy het jou regverdig verklaar en vra dat die Heilige Gees jou opnuut sal lei om te doen wat reg is in die oë van die Here. So doen jy dan waarvoor die Here jou geskep het, naamlik om sy Naam groot te maak en te verheerlik.

**Amen!**

## Slotgebed

### Psalm 119:12, 13 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;  
u belofte<sup>o</sup>aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!  
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe<sup>o</sup>in my gemoed  
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt  
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.  
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.  
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
3 November 2019